

Donderdag 20 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 66:1-7 (AFR33/53)

Fokusgedeelte: Psalm 66:1-7

Twee maal Sela

Psalm 66 is 'n loflied. Die kerk van die Ou Testament sing dit. Dié dat ons in die eerste vers lees “vir die musiekleier”. Die musiek- of koorleier is die dirigent. Vandag is dit óns lied wat óns sing. Ons, die kerk van Christus in die Nuwe Testament, wat op pad is na die dag van Christus se wederkoms.

In Psalm 66 sing ons tot eer van God. Met ons loflied maak ons sy Naam groot. Sy werke getuig van sy mag en majesteit. Hy doen groot dinge in die lewe van sy kinders. Daarvan kan elke gelowige getuig. Hy doen ook groot werke in sy skepping. Daarom: *“Laat die hele aarde U aanbid en psalmsing tot u eer; laat dit u Naam verhef in psalmgesang”* (vs 4).

En dan volg die woordjie *Sela*. *Sela* is 'n musiekterm. Dit beteken dat die orkes vir 'n oomblik moet ophou speel. Die koor moet ook vir daardie oomblik stilbly voordat daar oorgegaan word na 'n volgende vers wat gesing word. *Sela* dwing 'n mens om mooi te dink oor wat so pas gesing is. Dit laat jou ook daarna uitsien om verder te sing. *Sela*. Ja, dis reg en belangrik om vir 'n oomblik stil te word. Dink oor wat jy sing.

En dan? Met die tweede strofe van hierdie besondere loflied word ons opgeroep om God se groot dade te aanskou (vs 5). Hy verander die see in droeë land en maak 'n pad deur die rivier. Elke Israeliet het presies geweet wat dit beteken. God verlos sy volk uit die slawehuis van Egipte. Hy maak vir hulle 'n pad deur die Rooi See. Hy bring hulle ná 'n uitmergelende woestynreis van 40 jaar in die land van belofte. Hy maak vir hulle 'n pad deur die Jordaanrivier. God red! Hy maak paaie dwarsdeur water sonder om 'n brug te bou of 'n tunnel te grawe. Hy heers vir ewig deur sy mag. 'n Mens word sprakeloos.

Hoeveel te meer staan ons nie verstom oor die verlossing wat ons in Christus geniet nie. Ons is elkeen besig met 'n woestynreis op hierdie gebroke aarde. Maar kyk mooi na die pad wat ons God baan. 'n Pad na die ewige hemelse heerlijkheid. 'n Pad deur seë en riviere. Ons reaksie hierop? *Sela* (vs 7). 'n Tweede *Sela*. Word nog 'n slag stil. Dink diep na oor die onbeskryflike wonder en krag van Christus se reddingswerk.

Sing: Psalm 66-1:1

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)